# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

# Nuusbrief Newsletter

17 | 2026
24 | 07 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Sat. 25 Julie: HS Langenhoven Sportdag (weg)
Landloop liga 5 by HS Overberg
Wo. 29 Julie: HSB Interne Redenaarskompetisie (18h00)
Do. 30 Julie: Algemene Kennistoets (nr 2)
Hartklop periode
Sa. 1 Aug: Sportdag vs HS Swellendam (weg) & Skaak Topskole Kompetisie

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

22 Julie: Mnr JP Terblanche
26 Julie: Me Liezel van Schalkwyk
31 Julie: Me Tanya de Kock

**TERM THEME**
Be a leader

## LIEF EN LEED



Baie welkom aan ons nuwe finansiële beampte, me **Anita Breitenbach**. Mag sy baie vinnig inskakel en gelukkig wees by HSB.

Sy vervang me Alzel Uhlig wat aan die einde van verlede kwartaal verhuis het.

- Baie geluk aan me Liezel van Schalkwyk (Opvoeder Afrikaans) en mnr Ockie van Schalkwyk (skoolsielkundige) met die geboorte van hul tweede kleinkind, Elise van Niekerk. Ons glo sy sal vir hulle 'n groot vreugde wees.
- Ons innige simpatie aan me Nuwie van der Walt (Opvoeder Afrikaans), haar gesin en familie met die heengaan van haar skoonpa. Mag goeie herinneringe vir hulle tot troos wees.



## ALGEMENE NUUS

**MSINGA UITREIK**

Bredasdorp Gemeente is al van 1991 betrokke by Msinga in KwaZulu-Natal, een van die armste gemeenskappe in ons land. Elf BD's het hierdie jaar tydens die Junie-vakansie saam met die gemeente uitgereik.

Hulle het vertrek met die gedagte dat hulle Jesus se hande en voete gaan wees, dat hul ander se lewens gaan aanraak. Maar êrens tussen die lag, die stof, die gebede en die stil oomblikke, het hul besef: dit is hierdie gemeenskap wat jóú lewe verander.

Ons het sokker gespeel, saam uit God se Woord geleer en liefde uitgedeel waar dit die nodigste was. Maar die grootste geskenk was nie wat ons gegee het nie — dit was wat ons ontvang het: geloof wat hoop behou, vreugde wat nie deur omstandighede bepaal word nie en die herinnering dat Christus dikwels in die eenvoudigste plekke die duidelikste sigbaar is.





**INWYDING VAN HSB SPORTSENTRUM**

Die sportsentrum is op Woensdagaand, 15 Julie, ingewy met 'n heerlike geselligheid. Mnr Vasie de Wet en dr Barto Saayman van ons beheerliggaam het hul dank aan alle borge, donateurs, die projekspan onder leiding van mnr Antonie du Toit en vriende van ons skool betuig wat die voltooiing van die sentrum moontlik gemaak het. Die skoolhoof, mnr Müller Retief, het daarna die voorreg gehad om die sentrum te open met die knip van die lint.









**XRP Robotics**


Members of the Robotic team were invited to participate in the Nelson Mandela Open day at the Cape Town Science centre on Saturday 18th July.

The students demonstrated a new robot that Bredasdorp High School is pioneering in the Western Cape.

The XRP robot must be 3D printed and built by the teams to strict specifications:

It must fit entirely inside a 10-inch cube in its starting configuration and must not exceed 1 kg.

The challenge for 2025-2026 is Orbit Odyssey, a space-age robotics game where teams build and program robots to navigate a specialised field, gather "space rubble," and complete orbits around a central "Earth". It's not just about winning; it's about Learning Engineering and demonstrating Gracious Professionalism.





The XRP Orbit Odyssey is a comprehensive educational engineering challenge. It provides a Robotics Engineering Guide and technical files to help students master programming and mechanical design in a collaborative environment. Awards are given not just for scoring, but for programming, creativity, and profession

On the return journey the students remarked that "apart from the fun demonstrating to the public, we also had a great time trying all the interactive experiments and attending the talks."

**REÜNIE MATRIEKS 1986: 27 Junie**

Die 1986-matriekklas het op 27 Junie by hul Alma Mater kom kuier. Nie net was hulle baie beïndruk met die vooruitgang van die skool en die pragtige terreinverbeterings nie, maar het hul hier ou vriendskapbande hernu en heerlik saam gekuier.

Mnr Willy Goldswein, hul organiseerder, verdien 'n groot dankie.







**TERM THEME**
Be better




**KWARTAALTEMA**
Wees beter

## SPORT

## RUGBY

**SUPER SPAR  BREDASDORP O.15, O.16 & O.19-RUGBYTOERNOOI**

Super Spar Bredasdorp en Hoërskool Bredasdorp het vanjaar weer hande gevat en ‘n suksesvolle rugbytoernooi aangebied.  Die deelnemende skole was Hoërskole Piketberg, Vredendal, Bredasdorp en Jakes Gerwel.

UITSLAE:

**OWRM HSB o.19** vs HS Piketberg wen 29-19
Drieë:  Conrad Bothma, Waylon Abrahams, Whalied Fortune, Llewellyn Gabriels
Doelskoppe:  Urlinn Henecke (3)
Strafskop:  Urlinn Henecke (1)

---

**FORD HSB o.16** vs HS Piketberg verloor 13-24
Drie:  Dayton Hartnick
Strafskoppe:  Janeco Mars (2)
Doelskop:  Janeco Mars

**FORD HSB o.16** vs HS Jakes Gerwel wen 33-19
Drieë:  Luan Coetzee (3), Dayton Hartnick (2)
Doelskoppe:  Janeco Mars (4)

O.16-toernooiwenner:  HS Vredendal (klop HS Piketberg)
Beste o.16-voorspeler:  FC Schenk (HS Vredendal)
Beste o.16 agterspeler:  Brooklyn Waterboer (HS Vredendal)

---

**ARNISTON HOTEL & SPA o.15** vs HS Piketberg wen 36-12
Drieë:  Jean Couter (2), Hanno Swart (2), Keano Lee Davids, Lee Won Rossouw
Doelskoppe:Leighton Phillips (3)

**ARNISTON HOTEL & SPA o.15** vs HS Vredendal wen 31-5
Drieë:  Eslaam Wilskut, Gervinnio Stuart (2), Liam Arends, Lee Won Rossouw
Doelskoppe:  Leighton Phillips (3)

O.15-toernooiwenner:  Arniston Hotel & Spa o.15
Beste o.15-voorspeler:  Marcus Temmers (HS Bredasdorp)
Beste o.15 agterspeler:  Gervinnio Stuart (HS Bredasdorp)

Baie dankie aan **Super Spar Bredasdorp**! Jul borgskap en betrokkenheid by Hoërskool Bredasdorp word uit die hart waardeer.



Vlnr:  Mnr Johan de Villiers van Super Spar Bredasdorp,  Marcus Temmers, Brooklyn Waterboer, Gervinnio Stuart, F.C. Schenk, me Cindy van Heerden (Super Spar), mnr Müller Retief (skoolhoof)

**BHS vs THE KING'S SCHOOL (Grantham, Engeland): Wednesday, 22 July 2026**

Uitslae:

**Overberg Wealth & Risk Management** o.19-span wen 40-21
Drieë: Urlinn Henecke (3), Kanyiso Matrose, Whalied Fortune, Llewellyn Gabriels
Doelskoppe: Whalied Fortune (4), Urlinn Henecke

**Rola Ford** o.16-span wen 35 – 10
Drieë: Edmund O'Ehley, Kurtley Benson, Janeco Mars, Dayton Hartnick, Strafdrie
Doelskoppe: Edmund O'Ehley (4), Janeco Mars



Overberg Wealth & Risk Management o.19-span saam met die toerspanlede



Rola Ford o.16-span saam met die toerspanlede



## HOKKIE

We are very proud of the hockey boys who returned with medals after they represented Boland at the regional tournament in Port Elizabeth from 26 June to 1 July.

Caleb Witbooi, Darren Temmers and Aaron Moyo played for the u.16C team which finished second.

Joël Jepthas was in the u.16D team which finished third.

Congratulations, BDs!



VLNR: Joël Jepthas, Aaron Moyo, Darren Temmers, Caleb Witbooi

## RUGBY: DOGTERS



Mika Stanley, gr 8, het gedurende die vakansie vir die Wes-Kaap o.15 dogters DCASS-rugbyspan in die semi-finaal teen KZN in Oos-Londen gespeel. Hulle het in die finaal teen Gauteng gespeel en 10 – 0 gewen. Baie geluk, Mika.



## NETBAL

Telkom Nasionale Netbalkampioenskappe
Baie geluk aan juf Aliesha Odendaal, Wes-Kaap o/18 Oaksspan-afrigter, wie se span die SA titel by die TELKOM Nasionale Kampioenskappe in Boksburg gewen het. Hul het die Wes-Kaap Willowsspan, vir wie Mia Swart (gr 12) gespeel het, in die finale wedstryd geklop. Ons is baie trots op beide van julle.

Me Odendaal is vir 2 jaar agtereenvolgens aangewys as 'n nasionale kampioen afrigter. Die BD's is baie trots op hierdie uitsonderlike prestasie!



Junicke Newman, me Aliesha Odendaal, Mia Swart

All Ages Netbaltoernooi
Alicia Mukaratirwa (o.16) en Zani Neethling (o.17) het vanaf 28 Junie tot 2 Julie aan die All Ages Netbaltoernooi in Boksburg deelgeneem waar hul waardevolle ondervinding opgedoen het om hul vaardighede te verbeter.

**INTERDISTRIKTE NETBALTOERNOOI**
Die Interdistrikte Netbaltoernooi met die slagspreuk "*Uyenzi, doen dit*" , was 'n reuse sukses, danksy die knap hand van me Aliesha Odendaal, al haar helpers en ons borge.
Mnr Marlon Olivier het tydens die openingsgeleentheid Woensdagmiddag uitstekend daarin geslaag om die meer as 600 netbalspelers saam te laat dans op die pawiljoen. Beslis een van die toernooi hoogtepunte vir die dogters. Nuwe vriendskappe is gesluit, die spelers het elke dag met 'n gees van opgewondenheid en verwagting aangepak en beslis baie geleer.

Glamping as verblyf in die Namposkure het gesorg vir 'n ongekende netbal-avontuur wat spelers tot in hul gryse ouderdom sal onthou.

Die o.18-Overbergspan het 'n silwer medalje verower. Baie geluk!

| o.14 | o.15 | o.16 | o.17 | o.18 |
|---|---|---|---|---|
| Mischke Taljaard<br>Mika Stanley | Lienke Erasmus<br>Georgia Salo<br>Kiara Leander<br>Jaylin Gertse<br>Tania Hakuna | Marike de Wet<br>Lianie Treurnicht<br>Melissa Saayman<br>Danike Fourie | Nanicke Odendaal<br>Melo Dlamini | Owethu Maqutyana |

## LANDLOOP



VLNR: Indran Plaatjies, Caiden Vyver, Annie Chigodora, Courtney Pieterse

THERM THEME
Be better

**LANDLOOP LIGA: Rûens Kollege, 22 Julie 2027**
Dogters o.11: 2km (Laerskool Bredasdorp): Courtney Pieterse - 1ste plek
Seuns o.15: 4km: Indran Plaatjies - 1ste plek
Caiden Vyver - 3de plek
Dogters o.19: 4km: Annie Chigodora - 1ste plek

Baie geluk aan hierdie leerders, ons is baie trots op julle!

KWARTAALTEMA
Wees beter

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

**ADVERTENSIEBORDE LANGS RUGBYVELD**

'n Baie groot dankie aan **Metson World Van Saad tot Sukses** en **Checkers** vir hul ruimhartige borgskap aan Hoërskool Bredasdorp. Hulle advertensieborde is die nuutste toevoeging langs ons rugbyveld. Baie dankie vir u belegging in die toekoms van ons kinders en gemeenskap!







Vir meer inligting kotak Thys Kriel borge@hsbredasdorp.co.za












EFFICIENT INSURE
santam dis nou vryheid
bp KWIK 'n GO
MW
Yvonne Latsky Physiotherapy
Checkers
BILTONGLAND BREDASDORP OVERBERG SENTRUM
CS Crop Solutions
NETCOM FIBER - WIRELESS - VOIP
RENT TO BUY CARS
VILLET
ikamva
Diesel 50PPM
AJ TYRES 079 469 1751
VIKING
ELIM slaghuis butchery
THEUNS DE BRUIN KLINIESE SIELKUNDIGE
Langezandt Properties
Intshiba SA CERAMIC & COFFEE SHOP
POSTNET
OVERBERG PRE-OWNED
JANNIE ENGELBRECHT OPTOMETRIST
Gavin's Trattoria 072 200 5530 - EST 2022 -
ROUX
Voermol Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien
HEUNINGBERG MEDICAL 028 424 1101
Drs Barto Saayman & Johann Latsky
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
DK REFRIGERATION & AIRCONS
moov ENERGY
SPUR
NATION MUSHROOMS
Twin D Tours
ANTOINETTE
SRS
STAR SIGNS
packtown
OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT
adelldesigns
JEB CONNECT
AGRIMARK
P & B LIME WORKS
P & B KALKWERKE
PAINTSMITHS
LBF PROKUREURS ATTORNEYS
Harcourts Cape Agulhas
KING CHICKEN MONEY WELL SPENT
ROLA TOYOTA
LMI SKALE / SCALES
InteliGro inteligent crop solutions
ROLA Ford
Bredasdorp Tel: 028 425 1463
OJ PLANT HIRE
AFRI POINT PLUMBING & GAS 078 832 6413
OVERBERG SPECIALITY FOODS
bvsa Meer as net syfers!
CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
OVERBERG SINCE 1918
Build it
Gemini Alu
SUPERSPAR BREDASDORP